higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

(11020252)

8 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

418Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 Spoorvervoer is oor die algemeen duur.

1.2 Voorraadsigbaarheid is die vermoë om te weet hoeveel voorraad beskikbaar is.

1.3 Wegdoening kan deur vernietiging van materiaal plaasvind.

1.4 Siklustelling word gedoen wanneer alle voorraad getel word.

1.5 Tydens inspeksie kontroleer inspekteurs om seker te maak dat die goedere wat ontvang is in die verlangde toestand is.

1.6 Voertuie moet oorlaai word tydens verspreiding.

1.7 Aflandigheid (offshoring) word gebruik wanneer ’n maatskappy funksies aan ’n maatskappy in ’n ander land uitkontrakteer.

1.8 Brandstof is ’n voorbeeld van ’n vaste koste.

1.9 Vragkoste word aangegaan wanneer goedere vervoer word.

1.10 Die aanskafafdeling hanteer die aankoop van goedere.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Omhulsel of bedekking van goedere en materiale	A	ontvang
2.2	Geld wat betaal moet word om iets te koop	B	stelle
2.3	Vroeër bekend as Petronet	C	verpakking
2.4	Goedere wat verpak word as verskeie items wat saam gebruik word	D	onderhoudskoste
2.5	Goedere bereik die pakhuis en word afgelaai	E	vaste kapitaal
2.6	’n Amptelike verspreidingsdokument wat ’n versending vergesel	F	stelle (kits)
2.7	Die koste wat betrokke is om ’n voertuig in goeie werkende toestand te hou	G	mondeling
2.8	Som van vaste koste en veranderlike koste	H	koste
2.9	Kapitaal wat benodig word om vaste bates te koop	I	bedryfskapitaal
2.10	Vermoë om werkverwante konsepte en inligting te begryp en oor te dra	J	vragbrief
		K	totale koste
		L	wins
		M	Transnet-pyplyne

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Definieer die volgende terme.

3.1.1 Vraglogistiek

3.1.2 Uitkontraktering

3.1.3 Materiaalhantering

(3 × 2) (6)

3.2 Skryf die volgende akronieme volledig uit.

3.2.1 BBP (‘GDP’)

3.2.2 GBP (‘BEP’)

3.2.3 SAL

3.2.4 EIEU (‘FIFO’)

(4 × 1) (4)

3.3 Verduidelik VIER voordele van spoorvervoer. (4 × 2) (8)

3.4 Onderskei tussen *vervoer* en *logistiek*. (2 × 3) (6)

[24]

VRAAG 4

4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae.

"Ek sien’ beteken nie dieselfde as ‘Ek stem saam’ nie. Let op dat erkenning nie dieselfde as instemming is nie. Wanneer jy werklik jou kliënt se mening verstaan, word jou eie mening duidelik. As ’n mens kliënte afsny voor ’n mens hulle kant van die storie gehoor het, kan daardie onderbreking rampspoedige gevolge hê. Wat doen jy dus wanneer ’n kliënt jou beswadder, leuens oor jou, jou organisasie en die mense vir wie jy omgee vertel?

4.1.1 Definieer die woord *kliënt*. (2)

4.1.2 Bespreek VIER maniere waarop ’n kliënt wat kwaad is, hanteer kan word. (4 × 2) (8)

4.2 Noem VIER funksies van verpakking. (4)

4.3 Gee DRIE redes waarom maatskappye kan besluit om hulle funksies uit te kontrakteer. (3 × 2) (6)

4.4 Gee TWEE doeleindes van voorraad-ouditering. (2 × 2) (4)

4.5 Noem VIER verskillende tipes Eenheid van metings. (4 × 1) (4)

4.6 Noem DRIE redes waarom goedere na die pakhuis teruggestuur kan word. (4)
[32]

VRAAG 5

5.1 Die volgende is ’n inkomstestaat van KLM Vervoerdienste.
Ontleed die inkomstestaat en beantwoord die vrae:

INKOMSTESTAAT VAN KLM VERVOERDIENSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

Verkope		2 000 000
Koste van verkope		500 000
Bruto wins		**5.1.1**
Minus: Bedryfsuitgawes		650 000
Salarisse	150 000	
Herstelwerk	100 000	
Brandstof	250 000	
Verbruiksitems	50 000	
Huurgeld	100 000	
Netto wins		**5.1.2**

5.1.1 Bereken die bruto wins van KLM Vervoerdienste. Toon AL die berekeninge.

5.1.2 Bereken die netto wins van KLM Vervoerdienste. Toon AL die berekeninge.
(2 × 2) (4)

5.2 Verduidelik TWEE doeleindes van die inkomstestaat. (2 × 2) (4)

5.3 Onderskei tussen *vaste koste* en *veranderlike koste.* (2 x 2) (4)

5.4 Gee TWEE voorbeelde van vaste koste. (2)

5.5 Beskryf VIER persoonlikheidskenmerke wat verlang word om sukses in ’n loopbaan in vraglogistiek te behaal. (4 × 2) (8)

5.6 Verduidelik EEN verantwoordelikheid van verkope en verspreiding in ’n vraglogistiekmaatskappy. (1 × 2) (2)
[24]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Copyright reserved